

# trinitas

---

*Baie welkom by Trinitas!*

*Ons sien onself as 'n verlose familie van diensknegte wat gestuur is.  
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!*

## 1 Verlos

SONDAG 9 NOVEMBER 2014

OGGEND 09:00

### Tien trappe met die sonwyser

Welkom aan Wouter Smit wat die oggenddiens lei.

Teks: 2 Konings 20:1-11 en Jesaja 38:9-22

AAND 18:00

### Vriendskap

Welkom aan ds. Hennie Goede wat die aandbyeenkoms lei.

Teks: Spreuke 27:6, 9 en 17 en 1 Kor. 15:33

Preke beskikbaar in klank en teks by: [www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)

## PROGRAM VIR DIE WEEK

Dinsdag 11 November


Aandbybelstudie 19:00

Woensdag 12 November

Bybelstudie 09:00

### Gedagte

Die heftigste reën begin met druppels.



## 2 Familie

### LIEF EN LEED

Dink in jou gebede aan die volgende lidmate:

- Charlene Visser (0825188432) sterk tuis aan na haar operasie.
- Rita Kruger (0833083174) gaan eers op 12 Nov. om haar 'stents' te verwyder.
- Dit gaan nie goed met Piet de Lange (0169331259) nie. Ons bid vir hom en Hester.
- Chrissie van Jaarsveld (0724992436) het Donderdag 'n skoueroperasie in Cormed ondergaan.
- Dolf Jonker (0845066464) gaan môre na Emf. Medi-Clinic om twee tone te laat amputeer.

**Laat weet asb. die kerkkantoor van siektes, swaarkry, asook van vreugdes.**

### VERJAARSDAE: HARTLIK GELUK!

09/11	Doep du Preez	☎ 0826318301
13/11	Sina Coetzee	☎ 0763149616
13/11	Jason Greeff	☎ 0169824318
13/11	Letitia Nieuwoudt	☎ 0825640218
13/11	Daan Nortjé	☎ 0828949066
14/11	Elaine Coetzee	☎ 0715367327
14/11	Kian Moolman	☎ 0828592186
15/11	Eric Kuschke	☎ 0169333050
15/11	Rina Nienaber	☎ 0828618732

### Spesiale verjaarsdae:

-

### Huweliksherdenkings:

10 Nov. Dewald en Jenny Pieters, 30 jaar.  
14 Nov. George en Letitia Nieuwoudt, 33 jaar.

## BYBELSTUDIE

Woensdagoggende om 09:00 by die kerk.  
Dinsdagaande om 19:00 (Carterstr. 16).

## NUWE INTREKKERS

Die diakonie is aan die stuur van die nuwe intrekkers diensgroep. By die hoofdeur van die kerk is 'n boek waarin jy jou besonderhede kan aanteken.

## ATTESTATE/BEWYSE

Geen

## HUISBESOEKVORMS

Indien jy graag huisbesoek wil ontvang van 'n ouderling, diaken of predikant, **voltooi die huisbesoekversoekbriefie wat by die deure beskikbaar is** en plaas dit in die kerkkantoor se rakkie of **Die HELPER** se kassie by die hoofingang van die kerk.

## NAGMAALETE - SOSATIEBRAAI

**Wanneer:** 23 NOVEMBER 12:00

**Koste:** R10/sosatie

Keuse van bees-, hoender- en varkvlies.

**Skryf jou naam en jou keuse op die lys by die welkomhoekie in die saal.**

Die diakonie voorsien roomys en sjokoladesous.

**Bring saam:** 'n Slaai vir die slaaitafel en eie eetgerei, drinkgoed en glase.

## LOTUSLANDERS

Die Lotuslanders se jaareindfunksie vind op **11 November** by **Candle in the Wind** plaas om **09:00 vir 09:30**. Ons kry mekaar daar. Almal is hartlik welkom. RSVP voor 7 November as jy gaan bywoon, sodat ons

jou plek kan bespreek. Koos Jacobs  
0839868135.

## VANAF DIE DIAKONIE

Ons vra dat julle asb. die vrymoedigheid moet hê om gebruik te maak van **Die HELPER**. Sien meer inligting verder aan.

## BEDERF-DAMES-KERSETE

Alle **Trinitas dames** word hartlik **uitgenooi** na 'n heerlike **Kersete**.

Kom **kuier** lekker saam en hoor waarna jy kan **uitsien** in 2015.

**Datum:** 20 November 2014

**Plek:** Ons kerksaal

**Tyd:** 18:00

**Koste:** R20,00 per persoon

Gee asb. **jou naam** op by Theuns Odendaal (083 256 1387) in die kerksaal of by Elsabé Muller (016 982 5017) in die kerkkantoor **voor 17 November**.

Hoop ons **sien jou** daar want ons wil graag saam met **jou kuier!**

Groete

Gretha van Wyk (0764688963)

## KERSPROGRAM 2014

**Wanneer:** Sondagoggend, 7 Desember

**Tema:** "Die nuwe Adam"

Ons benodig vier sprekers/voorlesers. Belangstellendes kan asb. hulle name voor 16 November deurgee aan die kerkkantoor (0169825017).

## TRINITAS MAAK HUISSKOON...

Ons kombuisrakke kreun onder kombuisware en toerusting wat nie gebruik word nie omdat daar te veel is.

Ons wil bietjie skoonmaak en plek maak vir 'n ding of twee en nooi alle Trinitas lidmate uit om ons verkoping by te woon en met sakke vol winskopies weg te stap. Bring jou beursie op 5 Desember 2014 en kom koop na hartelus van 15:00 tot 18:00 in die kerksaal.

### **Kom help ons plek maak vir die nuwe Trinitas!**

Gretha van Wyk (0764688963)

### **MANNEKAMP TERUGVOER**

Hiermee wil ek my dank uitspreek vir die mannenaweek wat ons by Zorgvliet gehou het. Ek en Japie was die voorspan, aangesien ons so vroeg daar was dat ons die selfs eienaars kon verwelkom. Dus het ons die geleentheid gehad om almal te groet soos hulle opgedaag het. Daar was bekendes en minder bekendes, maar 'n klomp mans om 'n braaivleisvuur leer mekaar vinnig ken te midde van al die rook en die mieliestronke.

Die Vissers en Fourie's het gesorg vir 'n "man size" ontbyt - beter as in enige restaurant. Toe begin die pret! "River rafting" en per ongeluk nat spat – so erg dat ons die bote moes leegmaak anders sou ons sink. Griffel en sy roeispaan was verantwoordelik vir die kleireën, 'n penarie wat almal in verskillende rigtings laat spat het. Die beste einde aan so 'n dag – 'n skaap op 'n spit, heerlike slaai goed genoeg vir 'n koning en die geselskap van 35 vriendelike mans. Onverbeterlik!

Dit is verblydend dat so 'n klomp mans saam kan kuier met die wete dat almal

daar is vir een rede, om die Here te loof en verheerlik. Wanneer gaan ons weer? NS: Ons weet niks van 'n gesnorkery nie. Groete in Christus,  
Ronald Viljoen (0832596891)

.....

24 Oktober 2014 het ons by die kamp aangekom, uitgepak en lekker gebraai, en het dominee Griffel ons (Brad, Kian, Steven en Jaco) geleer poker speel met plastiese lepels en kaarte.

Saterdagoggend het ons almal opgestaan, ontbyt geëet en reggemaak vir die "river rafting". Die eienaar van die plaas was 'n bietjie laat, maar ons manne maak toe 'n plan en begin klippe gooi na 'n bottel en het ook bokdrolle gespoeg.

Ons was drie ure lank op die water. Soos julle weet, werk broers nooit goed saam nie, ons het "zig-zag" geroei want my pa lê agter op die bootjie en rus soos 'n koning terwyl ons moes roei. Toe is ek alweer die slim een en sê my broer en ek roei saam regs en my pa links en dit het goed gewerk. Die lekkerste was in die rivier se "rapids". Daar was een lekker "drop" waar almal linksom gegaan het om dit te vermy, maar ons het besluit om hom regs te vat en lekker geval. Ons het net een keer vasgesit toe ons weer die minder maklike roete gevat het.

Sondag was dit weer totsiens sê tyd vir almal ...

Ek wil nog steeds weet, hoe het dominee so vroeg opgestaan en gery? Die mense kan bly wees dat hy Sondag nog vir hulle die erediens gehou het.

Die lekkerste van die kamp was die Visser-familie se koffie.

Die moeilikste van die kamp was om koffie vir die ander mans te los sodat hulle ook kan kry. Saterdag se skaap op die spitbraai was ook lekker! Steven en Jaco Smid (0169822907)

.....

Wat 'n ervaring ... 'n naweek vol opwinding. Daar is min dinge so lekker soos 'n klomp mans wat saam lag, gesels en net hulself geniet. Saterdag se "river rafting" het vir baie sports gesorg en maagseer van al die lag! Lanklaas het ek mense so sien roei soos wanneer ons boot op hul afpeil, want hul weet die "pirates" gaan moeilikheid maak. Met Saterdag se spit het ons gesien Griffel ken van spit en dat daar min is wat hy nie met 'n "Leatherman" kan doen nie. Daarna het ons lekker om die vuur gesit en gesels tot net ek en André Moolman oor was, want die manne was maar flou van die roei. Sondag was dit 'n vinnige ontbyt en toe weer huis toe. Ek het dit baie geniet veral omdat ek en my pa ook kwaliteittyd saam spandeer het. Ek sien uit na die volgende mannekamp saam die manne.

Stephan Botha (0845256801)

## **3** Dienskneg

### **ORRELBEGELEIDING**

09:00 – Nannes

### **OUDERLINGE AAN DIENS (SOOS OP KALENDER)**

09/11/2014 - (B02) Pieter van Helden en (B03) Dewald Pieters

### **DIAKENS AAN DIENS (SOOS OP KALENDER)**

09/11/2014 - Dewald Pieters (jnr) en Michiel Jansen van Vuuren

### **KOSTER AAN DIENS**

09/11/2014 - Elsa

16/11/2014 - Theuns

### **DATABORDDIENS**

Word hanteer deur Bertus, Hardus en Gerrit.

### **KOLLEKTE BY DEURE**

**(Kollekte onder die erediens: vir Diakonale Kas)**

09/11/2014 - Deputate Jeugsorg

16/11/2014 - Ekumenisiteitsfonds (buitelands)

### **TEESKINK**

Vanoggend skink Elize du Plessis se groepie. Sondag 16 November skink die Voorbelydenisklas. **Anette van der Walt 0845334548 is die sameroeper van die diensgroep.**

### **OPNAMES VAN EREDIENSTE OP CD**

Indien jy 'n opname van 'n preek wil hê, kan 'n versoek aan die kerkkantoor of Hennie Smit, 0711063978, gerig word.

### **KLEUTERKERK**

Kleuterkerk vind Sondagoggende saam met katkisasie plaas in die eerste klaskamer van die katkisasielokale. Alle kleuters van 2-6 jaar oud is welkom. Mammies van tweejariges kan dit saam bywoon. Indien jy geroepe voel om deel

te vorm van die Kleuterkerk saam met Louise, kontak haar by 0833022716.

### **KOSBEHOEFTE**

#### **Kruideniersware benodig**

Indien jy 'n bydrae wil maak, kan jy volgens die onderstaande lys aankoop:

**(plaas alle skenkings in die groot houer in die saal naby die kombuis)**

(Ons waardeer alle hulp opreg. Diakonie.)

Suiker, pasta, bullybeef, koffie, tee, soja maalvleis, grondboontjiebotter, Pilchards vis, konfyt, melkpoeier, sout, bakebeans, tamatie- en uiesmoor, blikkies gemengde groente, pakkies sop, rys, toiletseep, koekie Sunlight seep, toilet papier, sjampoe, tandepasta, tandeborsels en waslappe. **Vir Kersfees-kospakkies benodig ons lekkergoed, koekies, jellie ... enigiets wat lekker is.**

### **DR. FRANS MINNIE**

Dr. Frans Minnie (pastorale berader) is op **Maandae** beskikbaar by die kerk **slegs vir lidmate van Gereformeerde gemeentes.**

Vir afspraak kontak die Kerkkantoor by 0169825017. Donasies kan in die volgende rekening inbetaal word: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

### **ONTVANG DIE PREEKTEKS PER E-POS**

U kan op Maandae 'n blanko e-pos stuur na **preek@gktrinitas.co.za**. (U moet elke keer wat u die preek wil hê so 'n e-pos stuur). Die stelsel sal dan self binne 60 sekondes die preekteks vir u aanstuur. Dis ten volle outomaties en werk 24/7. Vir meer inligting kontak Hans van Wyk by

0828111990. (Preke sal Sondag na 12:00 op die internet beskikbaar wees.)

### **KOEKSISTERS**

Ons bak weer op 3 Desember. **Groot R17/dosyn, klein R14/dosyn.** Enigeen baie welkom om te kom help bak. Kontak Dolf Jonker 0845066464 of Piet Markram 0848676990.



Die diakonie wil graag hê dat die gemeente die vrymoedigheid sal hê om gebruik te maak van die Helper. Dit is 'n “diens” wat ons aan die gemeente bied. Vir enige hulp wat jy nodig het van enige aard, kontak asb. die diakonie of los vir ons 'n briefie in die houtkis in die ingangsportaal.

André 0844627830 of Lozanne 0823353539

### **GEHOORAPPARATE**

Lidmate wat van die gehoorapparate gebruik wil maak, kan dit Sondagoggende by Bertus kry. Kontak hom gerus indien u wil weet hoe die aparate werk, 0834699144.

### **ONS SOEK JOU WIT OLIFANTE ...**

Desember is om die draai en almal pak kaste reg en maak huis skoon. Trinitas beplan 'n wit olifant verkoping vroeg volgende jaar so jy kan uiteindelik ontslae raak van al jou wit olifante en ou klere wat jou huis en kaste volstaan. Items kan nou reeds kerk toe gebring word waar

Theuns Odendaal dit in 'n lokaal sal stoor.  
Die geld wat ons met die wit olifant  
verkoop insamel, sal gebruik word om  
die nuwe diensgroepe wat in die  
gemeente tot stand kom te help.  
Groete  
Gretha van Wyk (0764688963)

## 4 Gestuur

### MADAGASKAR

Hier is u geleentheid om mee te werk aan die uitdra van die Woord in 'n land wat honger is om die blye boodskap te hoor. Naina en Fafa is gelowiges met 'n passie om mense toe te rus om die Bybel reg te lees en te verstaan. In Madagaskar is daar baie nuwe bekeerlinge wat deur vals leerstellings 'n verdraaide kennis van die Woord het.

Hulle het pas teruggekeer na Madagaskar na verdere studies in Kaapstad in die verband en gaan DV 'n Bybelskool in die hoofstad begin. Hulle het ons gebede nodig vir die baie uitdagings wat daar op hulle wag, veral omdat hulle 'n baba ryker geword het terwyl hulle hier in SA was. Ons gemeente wil hulle graag so goed versorg as wat dit vir ons moontlik is en daarvoor het ons u positiewe meelewing in die verband uiters nodig. Die fonds word deur Aksie Uitreik hanteer om oorbetalings te koördineer. Indien dit vir u moontlik is om addisioneel by te dra sal dit hoog op prys gestel word.

### **Bankbesonderhede is as volg:**

Begunstigde naam: Aksie Uitreik  
My verwysing: Madagaskar

Bank naam/tak: ABSA Bank(632005)  
Rekno: 9055971748

**Kontak Gert Visser 0834491036 vir info.**

### SHANGRI-LA FONDSINSAMELING



**Datum:** 22 November

**Plek:** Quest (ou Iscor-klub)

**Koste:** R100

**Gaskunstenaar:** Adam Tas

**Kontak:** Martie Slump 0836951398

Kaartjies te koop by Theuns.



Hou dié  
spasie dop  
vir inligting  
oor die  
volgende  
byeenkoms.

### PIKININI BREIPROJEK

Donasies vir die projek kan in die groot houer in die saal geplaas word (waarin kosskenkings aan die diakonie ook geplaas word).

Kontak Jackie Kleynjan 0833814020.

### HERWINNING

Die Here stuur ons om sy Skepping op te pas omdat dit Hom ook vir die wêreld wys. Kom laai gerus jou sak herwinbare materiaal af, daar is 'n werker wat dit sal sorteer. Moet asb. nie enige plastieksakke bring nie, dit word nie opgelei nie en lê dan rond. "Asblikasakke" met vullis word nie gesorteer en weggeroep nie, laai slegs

herwinbare items af. **As Herwinning jou passie is, is hier 'n geleentheid vir jou: Ons benodig iemand om hierdie bediening te bestuur. Gee gerus jou naam deur aan die kerkkantoor.**



## ALGEMEEN

### BELANGRIKE DATUMS VIR NOVEMBER

- 11 Nov. Lotuslanders afsluiting
- 16 Nov. Belydenisaflegging
- 20 Nov. Dames Kersete
- 23 Nov. Nagmaal en -ete
- 30 Nov. Nagmaal by Siësta

### GKSA NUUS

#### ALMANAK

Skryf jou naam op die lys by die Welkomhoekie indien jy 'n Almanak vir volgende jaar wil bestel. Koste: R65 - betaalbaar met ontvangs. **Vandag is die laaste geleentheid hiervoor.**

#### KRUISPAD

Kruispad is die jeugtydskrif van die GKSA. Dit bied toerusting aan jong, groeiende gelowiges om ingeligte keuses te maak wat tot geloofsgroei kan lei.

Inskrywingsgeld vir 2014/2015:

R116 (harde kopie)/R85 (elektroniese tydskrif)

Besoek ons webblad by

[www.kruispad.net](http://www.kruispad.net).

Stuur 'n e-pos aan [kantoor@kruispad.net](mailto:kantoor@kruispad.net) indien jy wil inteken of 'n artikel wil skryf.

#### LEES MEER OOR ...

- FEBA Radio
- Geopende Deure Nuus (lees meer by [www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za))
- Frankfort Riviertoeer 3 - 7 Desember
- GKSA Dagboek
- GKSA Pro Ecclesia Studieleningsfonds
- Eerstejaarskampe: GK Cachet, GK Brooklyn, GK Stellenbosch
- Sinodale Deputate Diakonale Sake brief
- Songs of Praise 30 Nov. GK Benoni

#### OP DIE KENNISGEWINGBORD

#### KAMER OF WOONSTEL BENODIG

'n 44-jarige dame is dringend opsoek na 'n kamer of tuinwoonstel om te huur. Sy het 'n paar maande gelede in Vanderbijlpark begin werk. As jy van iets weet kan jy haar kontak by 0714322419.



# KONTAK ONS

[www.gktrinitas.co.za](http://www.gktrinitas.co.za)



GKTrinitas

## **Kerkkantoor:**

Elsabé Muller

☎ 0169825017 / 0724874258

kantoor@gktrinitas.co.za

Faksno : 086 219 5728

## **Kerkkantoor:**

Maandag tot Donderdag

Tye: 08:00 tot 13:00

Vrydae: 08:00 tot 12:00 (Nuusbrief)

## **Skriba:**

Gerrit van Wyk 0823328550

## **Kosters:**

Theuns Odendaal 0832561387

Elsa Prinsloo 0794778699

## **Orrelis:**

Nannes vd Walt 0833041841

Bertus Schrap 0834699144

## **Bankbesonderhede van kerk:**

Reknaam: Geref. Kerk

Vanderbijlpark Trinitas ABSA

Tjekrekening 530340449

## **Predikant:**

Griffel van Wyk

☎ 0169324615 / 0823543726

**Adres:** Ogilviestr. 6, SE2

Vanderbijlpark

**e-pos:** griffel@gktrinitas.co.za

Liewe Trinitas,

Die jaar is nou amper op sy rug, maar ons byt maar vas tot die eindfluitjie blaas. Dié wat seker die hardste vasbyt is ons matrieks! 'n Groot klompie dinge is aan die gebeur en ek wil graag my opgewondenheid daarvoor met julle deel.

Ons **Toekomsspan**, wat ons strategiese en grafiese aspekte hanteer onder leiding van Hardus Visser (0828215642), het hard gewerk aan 'n vars logo en voorkoms in die kerkgebou, blaadjie en ook webtuiste. Die webtuiste vorder weekliks, so gaan loer gerus gereeld daar!

As deel van die uitrol van 'n nuwe fokus op diensgroepe onder leiding van André Smith (0844627830) as voorsitter van die **Diakonie**, gaan die rol wat die Sustersaksie in die verlede gespeel het, oorgeneem word deur verskeie diensgroepe. Die Suster soos ons dit ken gaan dus nie meer voort nie. Ons gaan ook duplisering van aktiwiteite in die toekoms uitskakel (en daarmee ongesonde kompetisie), leemtes identifiseer en nuwe vars geleenthede bied vir lidmate om met hulle gawes te woeker.

Die **Toerustingspan** onder leiding van Corrie Botha (0833047680) is besig om by verskeie ander gemeentes aan te klop om te leer oor hulle kleuterbedienings op Sondae. Ons beplan om in 2015 baie aandag hieraan te gee. Daar is ook opwindende vooruitsigte van 'n lekker klimraam en speelruimte.

Die **Administrasiespan** het met 'n blink plan vorendag gekom om voortaan 10% van alle surplus bydraes in 'n aparte *Uitbreidingsfonds* te plaas vir aktiwiteite spesifiek gerig op die missionêre ontwikkeling en groei van die gemeente. As jy apart 'n spesifieke bydrae tot hierdie fonds wil maak, kan jy dit net so aandui of met Martin de Klerk (0834063722) gesels. Hy lei hierdie span. Verder is die Eiendomspan besig met 'n inventaris van ons kombuistoerusting en allerlei dinge wat in onbruik rondstaan. Ons gaan 5 Desember 'n verkoping hou vir lidmate van hierdie oorbodige items.

Alan Brotherton (0834685243) en Dewald Pieters (0828251224) van die **Versorgingspan** is besig om 'n netwerk van ouderlinge en medewerkers te ontwikkel waardeur ons met groter effektiwiteit mekaar gaan kan bedien met liefde en die evangelie. Hulle gaan ook identifiseer hoeveel en watter kleingroepe/Bybelstudiegroepe reeds aan die gang is om dit in die plan in te werk. As jy deel is van so 'n groep ... laat weet asb. vir Alan.

Die **Erediens en Kunstespan** is kliphard aan die werk vir 'n aangename Kersprogram op 7 Desember. Nooi gerus solank vriende wat min in die kerk kom sodat ons hierdie geleentheid kan gebruik om hulle in liefde te ontvang. Verder het hulle ook hard daaraan gewerk dat alle CD opnames van preke op datum is en dat jy slegs 'n paar uur na die erediens al die preek kan aflaai van ons webtuiste. In die vooruitsig is ook beter beeldtoevoer na die moederskamers en ook die moontlike regstreekse klankuitsending van erediens oor die internet. As jy in hierdie opsig gawes het, kan jy gerus met Pieter van Helden (0839694472) hieroor skakel. Hy lei hierdie span.

Ek is seker julle verstaan waarom ek opgewonde is dat soveel al aan die gebeur is! Ek sê dankie aan hierdie manne wat hard werk om aan ons almal geleenthede te bied om te groei in ons dissipelskap van Jesus. Dit is regtig lekker om saam met julle elkeen te werk en ek sien uit na die pad vorentoe.

Griffel.

## **Evangelisasie – Koningskinders**

### **Oorsig**

September 1995 het 'n groepie lidmate Koningskinders Vanderbijlpark begin. Verskeie sulke organisasies bestaan landswyd by verskillende Gereformeerde Kerke. Dit is 'n Evangelisasieprojek van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Omdat elkeen 'n eie unieke omgewing bedien, ontwikkel elkeen outonoom, maar die Bybelse opdrag en die voorbeeld wat ons uitdra bly sentraal. In ons geval werk ons met arm en getraumatiseerde kinders wat Jesus Christus nie ken nie.

### **Wat doen ons**

Ons doel is om deur betrokkenheid die spiraal te breek waar kinders blindelings hulle ouers se voorbeeld volg in lewenshouding en in lewensverwagting. Ons probeer deur ons betrokkenheid en programme elke kind beter te ontwikkel en beter te vorm. Ons probeer om wêreld vir hulle oop te maak en hulle denke te stimuleer om sodoende 'n beter gemeenskap te help ontwikkel. Ons probeer om die oorsprong van trauma in hulle lewens so klein as moontlik te maak, en ons leer hulle om op ons enigste Saligmaker, Jesus Christus te vertrou.

Die huidige uitreik bestaan uit 'n hulpprogram, kampe en spesifieke aksies. Die hulpprogram gebeur deurlopend, met gekeurde kinders vir die verskeie aksies. Maandae doen ons wiskunde, Dinsdae is huisbesoek, Donderdae lees ons en doen breinstimulasie, Vrydae doen ons soms Drama-afrigting en Saterdag doen ons een maal per maand handwerk.

Gedurende die jaar kamp ons 'n langnaweek met 6 tot 10-jariges en gedurende die Desembervakansie kamp ons met die 10 tot 13-jariges. Die program is vol en elke minuut van die dag word beplan om elke faset van menswees en groei (fisies, geestelik, intellektueel, ens) te ondersteun en te ontwikkel. Elke kind ontvang drie etes en drie snacks per dag. Tydens 'n normale kamp 'n allemintige 180 etes per dag en ook nog 180 snacks per dag. Die kampe is harde werk, maar na elke kamp weet ons altyd dat dit oor en oor die moeite werd is. Fondasies word gebou, kinders se gedrag word gerig, kinders word waardes, maniere en baie ander dinge geleer. En Jesus se naam word grootgemaak en geprys tussen alles deur.

Spesifieke aksies word geloods om die kinders te ondersteun soos skryfbehoeftes, veral aan die begin van elke jaar maar ook gedurende die jaar, kussings en komberse vir die winter, handdoeke, klere en skoene tydens die kampe, kospakkies waar nodig, Kinderbybels en enige ander huishoudelike behoeftes wat bestaan. Dit is hartverskeurend om te sien dat kinders flenter handdoeke en klere deel en ook saambring as hulle uitstappies meemaak. Baie het nie 'n ordentlike paar skoene of onderklere nie.

### **DANKIE**

Die uitreik na kinders in nood kan nooit werk sonder die nodige gebede en ondersteuners nie. So 'n projek kan geen mens alleen doen nie en daarom dank ons Hom vir die bevoegde en gewillige persone wat as 'n totale span die groot verskeidenheid van werk behartig. Ons bedank ook graag die Kerkraad wat elke jaar vir ons die bus vir die Desemberkamp betaal. Die Diakonie vir die voorbereiding en aankoop van die kospakkies en kamp-klere en handdoeke. Elke persoon wat fondse beskikbaar stel; persoonlik, tydens nagmaal of dmv die blikkieprojek. Sonder hierdie fondse kan ons nie die werk volhou nie, want dit bepaal uiteindelik die hoeveelheid werk wat ons kan doen. Dankie ook aan die persone wat

insamelings koördineer, die lidmate betrokke by die kampe en die lidmate betrokke by die hulpprogramme.

Ons kan op ons arbeid niks terugverwag nie, want dit is God alleen wat elkeen se hart kan deurgrond en elkeen wat deelneem, hoe klein of hoe groot ookal, sal seën volgens Sy baie Bybelse beloftes. Baie dankie dat ons namens julle, die gemeente, en al die ander bydraers, die dankbaarheid en drukkies mag ontvang en die werk van die Heilige Gees oor en oor kan beleef.

### **Is dit die moeite werd?**

Na elke funksie of kamp getuig die Groepleiers dat hulle gekom het om iets van hulleself aan die kinders te gee, maar dit was hulle wat geleer het, beleef het, en met 'n veranderde gesindheid God voortaan wil dien. Elkeen betrokke, kinders en Groepleiers, word geraak op 'n besondere wyse.

Ons beleef dat ouers die Kinderbybel (bybel@kinders van Hennie Stander en ander) saam met hulle kinders begin lees. Voorheen het ons Bybels voorsien, maar omdat hulle nie daarmee grootgeword het nie verstaan hulle dit nie. Die Kinderbybels maak 'n groot verskil in baie gesinne se lewe.

Net soos die Here sê eer jou vader en jou moeder ongeag hulle tekortkominge, sê die Here ook dat ons armes en hulle wat minder as ons het moet help en versorg ongeag wie hulle is. Bid asseblief saam met ons vir goeie oordeel in soms moeilike besluite, vir die bereidheid om Sy naam bo alles uit te dra, en vir die werking van die Heilige Gees waar en wanneer dit Sy wil is. Nogmaals 'n groot dankie aan elkeen.

### **Volgende kamp**

Ons kamp van 3 tot 9 Januarie by Kollegeplaas. As dit moontlik is ondersteun ons asb met skenkings, sweeties, koekies, waslappe of ander toiletware. U kan skakel met Philip, Anne-Marie of Christa.